

E-pos: info.onskontrei1@gmail.com



**'n Dubbel-kajuit bakkie het die pad
verlaat en teen 'n krans afgerol. Lees
die volledige berig op bl. 3.
Foto: Verskaf.**

Lees binne:

**Moordenaar
kry 43 jaar
bl 2**

Eagles en Spurs pak mekaar bl 8

ONS GEE OM ONS GEE OM ONS GEE OM ONS GEE OM ONS GEE OM

Weervoorspelling vir die week

MBD
ONS GEE OM

Tel: 02721 32 6 32
(alle ure)

Begrafnisdienste
Vredendal

Don. 24/07	Vry. 25/07	Sat. 26/07	Son. 27/07
 7°/20°	 3°/20°	 4°/20°	 6°/22°

Ma. 28/07	Di. 29/07	Wo. 30/07
 10°/23°	 12°/29°	 4°/25°

Inligting
verkry vanaf
AccuWeather
23 Julie 2025

ONS GEE OM ONS GEE OM ONS GEE OM ONS GEE OM ONS GEE OM

HAPPY TODDLERS KLEUTERSKOO!

SPECIAL EVENT



**Women
wear your Crown**

Price: R100p/p
Date: 09 August 2025
Time: 18h30

A LOT OF PRIZES TO WIN DURING EVENT

959 Hibiskus Street (Pastoor Klaas Blaauw) Lutzville
Kontak: mnr Elricks @ 078 756 4449 / mev Patricia @ 083 535 4432

NG Kerk Nuwerus bied aan

Vroue Oggend

Met spesiale gasspreker

Martelize Brink

9 Augustus 2025
11:00

NG Kerksaal
Nuwerus

R200 per persoon
Koffie, tee, ligte
verversings en
middagete inge-
sluit

A portrait of Martelize Brink, a woman with blonde hair, wearing a dark blue long-sleeved top and a grey cardigan, holding a large, round, light-colored object (possibly a bowl or a piece of art) in front of her. The background is a textured, brownish-grey wall.

VROU OGGEND

9 Augustus 2025

Letsatsi Lodge, Vanrhynsdorp

KAROO : KOS & KUIER.

Vroue - Oggend - 9 Augustus 2025

Sybil Visagie
Spreekster

Dr. Zhu Spangenberg
Spreekster

Carmen Medhaus
Spreekster

Verreë: Letsatsi, Vanrhynsdorp Tyd: 9h00 – 14h00

R250.00 Lede (SACBW & VGf) R290.00 Nie lede
Tafel Besprekings (10) R2500.00
Banier plasing :R100.00 (lede en nie lede)

Kaartjies aanlyn beskikbaar - www.sacbw.org

Nawrac: Hester du Bryn - 082 332 9438

Aangebied deur **VGf** **SACBW** Verreë by **Letsatsi**
VERENIGING VAN GELUKKELIKE FEMINISTE BOUTIQUE ON THE VELD OF BUSINESS WOMEN CONFERENCE & PRIVATE LEISURE LODGE

LEIPOLDTVILLE 120 KUIER

9 AUGUSTUS 2025 VAN 11:00 TOT 22:00



PROGRAM:

- 11:00 HEKKE OPEN
- 11:00 - 12:00 BASAAR
- 11:45 - 12:45 WESKUL BOERENROLES
- 12:45 - 13:45 DESMOND WELLS
- 13:45 - 14:45 CORDIELLA
- 14:45 - 15:45 JONIAN VAN DER MERWE
- 15:45 - 16:45 OPVIER
- 16:45 - 18:00 KAAPSE AFFOELLE
- 18:00 - 19:15 WIKUS BOTMA
- 19:15 - 20:30 ELOFF
- 20:30 - 21:30 NAGAN BENACE

TOEGANG:

- VOORSKOED - GRATIS
- 8 - 12 JAAR - R100,00
- VOLWASSENE - R170,00
- STUDENTE/AGTERWYDERS - GRATIS

Drie-en-veertig jaar direkte gevangenisstraf

Berig: Mariaan Smuts

LAMBERTSBAAI: Ná meer as 15 jaar is Albert Finana tot 43 jaar direkte gevangenisstraf gevonnis nadat hy sy vrou vermoor en sy skoonma ernstig beseer het. Finana, wat in September sy 50ste verjaardag in die tronk sal deurbring, was 34 jaar oud toe hy die misdade gepleeg het. Gedurende die nag van 30 April 2010 het die beskuldigde na die huis van sy skoonma, Anna Oktober (48), gegaan in Quickfall Crescent in Lambertsbaai. Hy het 'n vuurwapen by hom gehad. Sy vrou, Nadia (29) was ten tyde van haar dood by haar ma se huis nadat die egpaar in 'n bakleiery betrokke was. Finana het daarheen gegaan en aan die huis se vensters en deure geklop. Toe niemand vir hom oopmaak nie, het hy 'n venster van die huis gebreek en toegang tot die huis verkry. 'n Skoot het afgegaan waarna hy sy skoonma om haar nek gegryp en in die kop geskiet het. Hy het ook haar kakebeen, tong en oog beskadig. Nadat hy haar geskiet het, het hy die deur oopgesluit en sy vrou in die gang teëgekomp. Hy

het haar koelbloedig in die bors geskiet. Die skoot het haar hart en longe binnegegrind en sy is op die toneel oorlede. Finana het homself daarna aan die SAPD op Lambertsbaai oorgegee. Ná 'n lang verhoor waartydens die landdros gesterf het toe die saak amper afgehandel was, moes die saak weer van voor af begin met 'n nuwe landdros. Die beskuldigde is uiteindelik skuldig bevind en op 15 Julie in die streekshof op Clanwilliam gevonnis. Finana is skuldig bevind aan huisbraak met die doel om aan te rand, waarvoor hy drie jaar direkte gevangenisstraf opgelê is. Op aanklag twee is hy skuldig bevind aan poging tot moord en vir 15 jaar direkte gevangenisstraf gevonnis. Op aanklag drie vir moord is hy lewenslank gevonnis. Die moeitelose werk en toewyding van die ondersoekbeampte is deur die Weskus-distrikskantoor geprys. Dié vonnis behoort 'n duidelike boodskap oor te dra aan skuldiges wat genadeloos optree.




Foto: Argief.

INTERNET SENSASIE

Mel DIE STORIEVERTELLER

06 SEPT 2025

VERTONING BEGIN 11:30
DEURE OPEN 10:30
KAARTJES R350 PP
ETE EN GOEDIE HAMPER INGESLUIT

NG KERKSAAL LAMBERTSBAAI

KAARTJES BESKIKBAAR BY WWW.MELDIESTORIEVERTELLER.CO.ZA
OF BY KERKANTOOR (027) 432 1840 | ELZETTE: 072 522 0408

NG KERKSAAL LAMBERTSBAAI

GEEN 0/4



Rolspelers wat met die uitreik gehelp het.

Verskeie organisasies reik uit

Berig en foto: Verskaf

VREDENDAL: Verskeie organisasies, onder andere West Coast College, die Gemeenskapspoliëeringsforum, Vredendal SAPD, die kinderbeskermingseenheid, Landbou Gemeenskapontwikkeling (LGO) en Nedbank het op Vrydag, 18 Julie Mandeladag gevier met twee projekte. Die eerste een was die Jar of Hope-projek waar lede

'n fles met sopbestanddele aan die gemeenskap uitgedeel het. Verder is daar ook pamflette rakende geslagsgebaseerde geweld vir die komende Vrouemaand versprei. Gemeenskapslede kon ook warm sop geniet wat by Vredendal SAPD se ingang uitgedeel is.

Vrou vul self slaggate voor huis

Berig en foto: Annemarie Munnik

VREDENDAL: Inwoners van Vredendal sowel as regoor Matzikama is keelvol vir slaggate. 'n Gedeelte van Hospitaalstraat agter die begraafplaas lyk soos 'n gholfbal met al die gate. Veral die gedeelte tussen Van der Stel- en Vredestraat. 'n Checkers 60/60 motorfietsie spring soos 'n hobballetjie oor die pad soos die bestuurder een gat probeer mis en dan net weer in 'n ander een beland. In die reën en donker is dit egter nog moeiliker om die gate raak te sien. Een inwoner van Hospitaalstraat het egter genoeg gehad. Sy sê haar slaapkamer sit teen die pad en sy moet snags hoor hoe voertuie een gat na die ander tref. Van die voertuie swaai te skerp uit, en tref dan keer op keer die randsteen voor haar huis. Sy het die toestand van die pad en slaggate al by die munisipaliteit se inbelsentrum aangemeld. Sy sê egter sy hoor ook niks van plaaslike raadslede om na die gate te kom kyk en plan te maak nie. Daarom het sy besluit om vrou-alleen saam met ander vroulike vrywilligers die gate voor haar huis te vul. Sy het die pad afgesper met emmers en veiligheidskegels en so die gate met 'n sementvulsel gevul. Van die gate was so groot dat dit met 5 liter se-

mentmengsel volgemaak moes word. 'n Buurman van haar het vir haar gesê sy moenie die gate voor sy huis regmaak nie, hy wag vir die munisipaliteit. Ons Kontrei het navrae aan Matzikama Munisipaliteit gestuur rakende die plan met slaggate in Matzikama, maar teen druktyd geen terugvoering ontvang nie.



Die slaggate wat gevul is.

ROOIBOS FARM IN WESTERN CAPE
ONLINE AUCTION
6 AUGUST 2025 | 10:00-12:00

The property lies within the triangle formed by Uitvlugt, the Western Cape border, and the Doring River.

± 1266.83 HA

LIQUIDATION
MASTER REF: C616/2024

PROPERTY DESCRIPTION
The remote agricultural property, located in the Western Cape mountains near Uitvlugt, spans around 300 hectares designated for rooibos te cultivation. It benefits from a semi-arid Mediterranean climate with suitable soils. Access is via gravel road, with the last stretch requiring a 4x4 vehicle. Its secluded location enhances security due to limited accessibility. **Water Source:** Mountain "kui" (natural catchment area). Infrastructure: 10.3km pipeline installed.

PROPERTY HIGHLIGHTS
2 BEDROOMS 1 BATHROOM 1 KITCHEN 1 LIVING ROOM

PORTION 1 OF FARM 367 "KLIPHEUVEL KRAAL"
PORTION 2 OF FARM 368 "OUDE WAGENWEG"

(+27) 861 55 22 88 administration@dynamicauctioneers.co.za www.dynamicauctioneers.co.za

KERMIS

KLAWER AANBIDDING SENTRUM PPK

Hamburgers / wit olifant tafel / jaffels / boeke / vars groente / vleis en vele meer

2 Augustus 2025

10:00 tot laat **h/v Justinus en Bremerstraat**

Klawer

Kaartmasjien beskikbaar

Ongeluk in pas eis drie lewens

Berig: Mariaan Smuts

CEDERBERG/ALGERIA: Konstabel Januarie van Clanwilliam SAPD het op Sondag, 20 Julie om 17:00 'n klagte oor die radio ontvang rakende 'n ongeluk in die Nieuwoudtspas, berg-af aan die kant van Algeria en bokant die Grootkloof Primêr in die woongebied van Algeria werkers. Clanwilliam nooddienste het om 17:07 'n oproep ontvang en versterkings is van Citrusdal en Piketberg nooddienste gestuur. Die Kaapse Metro het ook twee groot voertuie gestuur om ernstig beseerde pasiënte vanaf Clanwilliam en Citrusdal hospitale na ander groter hospitale te vervoer. Die bestuurder van 'n wit Nissan dubbelkajuit Hardbody bakkie met registrasienommer CBR het vermoedelik beheer oor sy voertuig verloor, waarna dit die pad verlaat en teen 'n krans afgerol het. Die bakkie se kappie het in twee gebreek. Die bestuurder (19) van die bakkie het slegs 'n leerlinglisensie gehad. Die bakkie was vanaf die Kaap op pad om 13 mense af te laai wat tydens die skoolvakansie in die Kaap gekuier het. Drie vroulike passasiers is op die toneel dood verklaar deur die nooddienste. Twee kinders, wat baie ernstig beseer was, is eer-

ste van die toneel na die hospitaal gestuur vir behandeling. Onder die ander beseerde passasiers was 'n man met 'n bo-been fraktuur en een met kopbeserings. Van die pasiënte is na Citrusdal hospitaal geneem vir behandeling. Kaapse Metro het pasiënte van Clanwilliam en Citrusdal na hospitale in die Paarl en Tygerberg geneem. Alle rolspelers is gekontak en was op die toneel. Dit sluit Clanwilliam SAPD, Cederberg Munisipale Brandweer en Kaapse Natuurbewaring met hul span EPW werkers in. Vredendal se forensiese span was ook op die toneel om die liggame van die oorledenes te verwyder. 'n Ooggetuie wat vermoedelik ook in die bakkie was en van Stellenbosch afkomstig is, het 'n verklaring op die toneel afgelê. Die nooddienpersoneel bedank die EPW werkers wat van groot hulp was om beseerdes na die pad te bring. Dit was blykbaar 'n grusame toneel en sonder die nooddiensterkers se hulp sou die taak onmoontlik gewees het. EMS nooddienste, die brandweer en SAPD het die toneel om 21:30 verlaat. Die oorledenes, onderskeidelik 36, 37 en 58 jaar oud, se name is nog nie bekend gemaak nie. Die datum vir die nadoodse ondersoek is ook nog nie bekend nie. Die saak word verder ondersoek.

Vyf in besit van flora sonder permit

Berig: Annemarie Munnik

Foto: Verskaf

VANRHYNSDORP: Daar is op Donderdagaand, 17 Julie beslag gelê op meer as R1 miljoen se clivias. Volgens kaptein Helfrich van die SAPD, Weskus Distrikskommunikasie, is die plante is op 'n plaas in dié area gestroop. Drie verdagtes is hiervoor aangekeer en hulle vyf makkers is Vrydagoggend in hegtenis geneem vir die besit van flora sonder 'n permit. Die agt verdagtes, wat tussen die ouderdomme van 15 en 35 jaar is, het op Maandag, 21 Julie in die hof verskyn. Soos vetplante, word clivias ook gestroop vir hul ornamentele voorkoms en behaal hulle merkwaardige pryse van versamelaars en telers. Die vraag blyk hoofsaaklik in China gekonsentreer te wees. Die plante is hoogs gesog in die onwettige wêreldwye planthandel en het na raming 'n swartmarkwaarde van R6 miljoen tot R30 miljoen. Vroeër die maand is vier persone in Calvinia met 15 jaar direkte gevangenis-

straf gevonnis nadat hulle in 2024 met 303 clivia plante in hul besit betrap is.



Van die clivias waarop beslag gelê is.

Stuur nuuswenke na 082 657 3182 (Matzikama) of 082 926 9934 (Cederberg)



IMPORTANT NOTICE

FORM 27A - NOTICE OF LODGEMENT OF APPLICATION FOR REMOVAL OF LIQUOR LICENCE IN TERMS OF SECTION 66(2) OF THE WESTERN CAPE LIQUOR ACT, 2008 – [REG. 33(2)]

Notice is hereby given that an application for the removal of a liquor licence has been lodged with the Western Cape Liquor Authority (the Authority) and with the designated liquor officer in whose area of jurisdiction the licensed premises are currently located and, where the granting of the application will have the effect of removing the licence to the area of jurisdiction of another designated liquor officer, also with the designated liquor officer of that area. The application concerned may, up to and including the 28th day from the date of publication of the application, upon request and free of charge, be inspected by any person at the offices of the Authority or the relevant designated liquor officer(s). Copies of the application can be obtained from the Authority after payment of the prescribed fee. Objections and representations may be lodged in writing with the Authority and the relevant designated liquor officer(s) in accordance with regulation 33(13) of the Regulations.

VORM 27A - KENNISGEWING VAN INDIENING VAN AANSOEK OM VERWYDERING VAN DRANKLISENSIE INGEVOLGE ARTIKEL 66(2) VAN DIE WES-KAAPSE DRANKWET, 2008 – [REG. 33(2)]

Hiermee word kennis gegee dat 'n aansoek om die verwydering van 'n dranklisensie ingedien is by die Wes-Kaapse Drankowerheid (die Owerheid) en by die aangewese drankbeampste in wie se regsgebied die gelisensieerde perseel tans geleë is en, waar die toestaan van die aansoek die verwydering van die lisensie na die regsgebied van 'n ander aangewese drankbeampste tot gevolg sal hê, ook by die aangewese drankbeampste van daardie gebied. Die betrokke aansoek kan tot en met die 28ste dag vanaf die datum van publikasie van die aansoek op versoek en gratis deur enige persoon by die kantore van die Owerheid of die tersaaklike aangewese drankbeampste besigtig word. Afskrifte van die aansoek kan by die Owerheid na betaling van die voorgeskrewe fooi verkry word. Besware en verhoë mag ooreenkomstig regulasie 33(13) van die Regulasies skriftelik by die Owerheid en die tersaaklike aangewese drankbeampste(s) ingedien word.

IFOMU 27A - ISAZISO SOKUFAKWA KWESICELO SOKUSUSWA KWEPHEPHA-MVUME LOTYWALA NGOKWECANDELO 66(2) LOMTHETHO WEZOTYWALA WENTSHONA KOLONI, 2008 – [UMGAQO 33(2)]

Kunikezelwa isaziso yokuba isicelo sokususwa kwelayisenisi yotywala sifakiwe kuGunyaziwe woTywala weNtshona Koloni (abasemaGunyaeni) nakwiofisi zamagosa otywala agunyazisiweyo kwaye, apho ukunikezelwa kwesicelo kuza kuchaphazela ukususwa kwelayisenisi phantsi kolawulo lweline igosa lotywala eligunyazisiweyo kuloo ngingqi. Isicelo ekubhekiswa kuso singakwazi, ukuya kwiintsuku eziquka usuku lwama-28 ukusukela ngomhla wokupapashwa kwesi sicelo, xa siceliwe kwaye simahla, sihlolwe nguye nawuphi na umntu okwiofisi yabasemaGunyaeni okanye i(ama)gosa eli(a)jongene nemiba engotywala. Iikopi zesisicelo singafumaneka kwabasemaGunyaeni emva kwentlawulo emisiweyo. Uchaso neengxelo ezixhasayo ezibhaliweyo zingafakwa kwabasemaGunyaeni nakwigosa lotywala eligunyazisiweyo ngokwecandelo 33(13) leMigaqo.

No.	Full name of applicant Volle naam van aansoeker Igama elipheleleyo lomfaki-sicelo	Name under which business will be conducted Naam waaronder besigheid bedryf sal word Igama ishishini eza kushishina phantsi kwalo	Address of the proposed premises Adres van die voorgename perseel Idilesi yesakhiwo	Category of a licence applied for Kategorie lisensie waarom aansoek gedoen word Uhlobo lwelayisenisi ecetywayo	South African Police Services designated liquor officer office where the application has been lodged Suid-Afrikaanse Polisie dienskantoor van die aangewese drankbeampste waar die aansoek ingedien is i-Ofisi yeGosa elijongene nemiba engotywala yeeNkonzo zamaPolisa eMzantsi Afrika apho isicelo sifakwe khona
1	Tharrakamma Gastehuis	Tharrakamma Guest House	Portion 209 of the Farm Vredendal No.292, Vredendal	On-Consumption	Vredendal

SUPER SMALLS

Beskikbaar teen R900 + BTW vir 4 plasinge. Spesiale aanbod op 12 plasinge.

MASKAM CASH

Dorpstraat, Vredendal 027 213 3249

Kort op kontant? Ons kan help!

Om te sien of u kwalifiseer bring die volgende dokumente
SASSA Trekkers: ID afskrif, betaalstrokie
Salaris Trekkers: ID afskrif, salaristrokie & 3 maande bankstaat
*Terme en Voorwaardes geld

AANLYN-KALENDER 2025

Ons dateer die aanlyn kalender weekliks op.

Alle kerke, skole, sportklubs en instansies, stuur jul belangrike datums na

info.onskontrei1@gmail.com sodat ons al julle belangrike datums op die kalender kan plaas. Besoek ons aanlyn kalender by www.onskontrei.co.za

BRIEWE & RUBRIEKE

Dagboek 2025

Stuur gerus 2025 se datums na info.onskontrei1@gmail.com

VANRHYNSDORP:
Plaasbasaar
Saterdag, 26 Julie
09:00
NG Kerk Vanrhynsdorp

GRAAFWATER:
Vriende van Graafwater
Winter Klanke
Vrydag, 26 Julie om 18:30
NG Kerkzaal
3 gang-ete met musiek
R200 per persoon
Kontak: Leon Venter 083 794 1821

LUTZVILLE:
Lutzville Landbouskou
Donderdag, 31 Julie tot
Saterdag, 2 Augustus
Lutzville Skougronde

LUTZVILLE:
Lutzville Landbouskou
Vroueoggend
Saterdag, 2 Augustus
09:30 vir 10:00
R150 per persoon
Lutzville Skougronde

Ons Kontrei proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on the Press Council's website, www.presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombud.sman.org.za. Contact the Press Council on 011 484 3612.



Ons Kontrei
Ons mense se koerant

UITGEWERS:
Riaan Oberholzer
Marinda Oberholzer

REDAKSIE:
Annemarie Munnik 082 657 3182
edit.onskontrei1@gmail.com
Mariaan Smuts 082 926 9934
maaitjie@isales.co.za (Cederberg)

GRAFIESE ONTWERPER:
Marieta Swanepoel
info.onskontrei1@gmail.com

BEMARKING:
Annemarie Munnik 082 657 3182
ads2.onskontrei@gmail.com
Matzikama-area
Mariaan Smuts 082 926 9934
maaitjie@isales.co.za
Cederberg-area

VREDENDAL KANTOOR:
Desiree van Wyk 027 213 2074
Acc.onskontrei@gmail.com

Gedruk deur: Inc. Print Solutions

Die groot wonder van die Here se genade

Jona 1: 17 "En die Here het 'n groot vis beskik om Jona in te sluk; en Jona was drie dae en drie nagte in die ingewande van die vis". Jona 2:10 "Daarop het die Here die vis beveel om Jona op die droë grond uit te spuug."

Wat is die groot wonder van die boek Jona? Baie sal antwoord: die groot vis het Jona in die stormsee ingesluk en weer op die vasteland uitgespoeg. Dit is egter nie die groot wonder nie. Eerder as om God se opdrag uit te voer om sy boodskap aan die heidenstad Nineve oor te dra, het Jona gevlug. Sy vlug was weg van die Here af (1:3). Die heidense matrose het hom gevra hoe hulle die storm kon oorleef. Sy raad was dat hulle hom in die see moes gooi (1:12). Hy wou steeds weg van die Here af die dood in.

Die Here wat die storm op die see bewerk het, beskik toe dat 'n groot vis Jona insluk

(1:17). Die drie dae en drie nagte in die vis se maag het Jona verander. Met niemand anders beskikbaar nie, het hy met die Here gepraat. Hy het vry uit verskillende Psalms aangehaal. Twee temas het mekaar om die beurt in sy gebed afgewissel: nood en verlossing. Jona se slotwoorde was dat die Here redding bring (2:9). Die Here het toe die vis beveel om Jona op land uit te spoeg (2:10).

Die groot wonder van die verhaal van Jona is: God het in genade nooit toegelaat dat Jona van Hom af kon wegkom nie. Die stormsee, vis en selfs die heidene was instrumente in sy hand om Jona tot bekering te lei. Uit Jona se geskiedenis weet ons: verlossing is seker. In en deur sy Seun verlos Hy ons uit die diepte van ons sonde.

Dit is die boodskap wat ons onder leiding van die Heilige Gees in die geloof toeëien. Ons is soos Jona geroep om hierdie bood-

skap uit te dra aan mense wat die Here nog nie ken en dien nie. **Matt. 28:19, 20 (Afrikaanse Vertaling 1953)** Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.

Dominee JH Jordaan



Foto: Argief

Briewe & Meningsblad

Persone wie se opinie op die Briewe & Meningsblad geplaas word, gee hul subjektiewe siening van 'n situasie. Ons Kontrei se bestuur en personeel stem NIE noodwendig saam met 'n skrywer se mening NIE. Geen rassisme, naamskending of enige vorm van belediging sal geduld word nie.

Stuur gerus u menings na:

redakteur.onskontrei1@gmail.com

en verskaf asb u naam en kontaknommer onder aan, naamlose briewe sal nie oorweeg word nie.

Weens gebrek aan spasie sal GEEN briewe met meer as 250 woorde aanvaar word nie of geredigeer word.

Hulde aan juffrou Marlize

CLANWILLIAM: Ons harte is so seer omdat ons vir Juffrou Marlize moet groet. Hoe kan ons ooit in woorde sê watter invloed sy op elkeen by Kleuterland gehad het en watter diep spore sy in ons lewens getrap het? Juffrou Marlize was 'n wonderlike staatsmaker wat altyd 'n plan gehad het om iets gewoons in iets moois te verander. Sy het sprankel verleen aan al ons aktiwiteite met haar mooi dekor en lekker kreatiewe idees. Niks was ooit vir haar te veel moeite nie! Sy was 'n vriendin 1000 met 'n oor wat luister en 'n hart vol omgee wat mense se lewens op soveel maniere aangeraak het. Ons woorde is net te min om als te sê: "Juffrou Marlize, Kleuterland sê dankie en ons eer jou vir jou mooi nalatenskap. Jy is 'n legende!!! Soos jy altyd gesê het: "We love u lots!!!"

Jy is vir ewig in ons harte.



Marlize Kotzé met Kleuterland se kleintjies. Foto: Verskaf.

Kinders word vermaak op Mandeladag

Berig: Annemarie Munnik

Foto's: Verskaf

KOEKENAAP: Broken Angels Network, 'n nie-winsgewende organisasie van Vredendal, het op Vrydag, 18 Julie besluit om na Koekenaap uit te reik vir Mandeladag vieringe.

Bianca du Toit van Broken Angels sê hulle het saam met die kinders in Skoolstraat drie-blikkies, drie-stokkies, touspring en ander speletjies gespeel. Du Toit se seuntjie het ook vir die kinders gekletsrym ter-

wyl hulle gedans het.

Sy en vier ander dames van dié organisasie het ook vir die kinders 'n gesonde gekookte ete voorberei.

Hulle het die Saterdagmiddag 'n oorslaap-aand vir die jeug aangebied. Du Toit sê die doel hiervan was om die kinders te leer dat jy tyd saam met vriende kan spandeer sonder om by onwettighede betrokke te raak.



Kinders speel drie-stokkies.

Bejaardes leer oor regte

Twee maatskaplike werkers van die Olifantsrivier Vereniging vir Persone met Gestremdes, Anelica Brown en Benzene Beukes, het inwoners van Vredendal Tehuis vir Bejaardes kom toespraak oor die regte van bejaardes. Hulle het uitgebrei oor die beskerming en waardigheid van ouer mense. Ouderdom is 'n natuurlike deel van die lewe, en bejaardes lewer waardevolle bydraes tot die lewe. Hulle regte moet beskerm word, want hulle het 'n reg op toegang tot gesondheidsorg, sowel as gesins- en gemeenskapslewe en sosiale bekerming. As bejaardes sleg behandel of seergemaak word, moet dit aangemeld word by 'n maatskaplike werker, die bestuur of 'n verantwoordelike persoon. Hulle doen boonop beroep dat gemeenskapsprogramme en ouderdomsvriendelike beleide ondersteun moet word. Die bejaardes het die praatjie baie geniet.

-Julene Stephan



Broken Angels dames hard aan die kook.

"Every child
IS A DIFFERENT KIND OF FLOWER,
AND ALTOGETHER MAKE THIS WORLD
a beautiful garden."
- ANONYMOUS -

AKTUELE NUUS

Sitrusbedryf verwelkom landboukundige fokus op marktoegang en biodiversiteit

Berig: Persverklaring

CITRUSDAL: Die Sitruskwekersvereniging stem saam met wat die Minister van Landbou, John Steenhuisen, in sy begrotingsrede op Dinsdag, 8 Julie bekendgemaak het rakende die Amerikaanse tarief van 30% op Suid-Afrikaanse invoere wat vanaf 1 Augustus in werking sal tree. Hy het gesê dat Suid-Afrika nou die geleentheid het om die volgende paar weke te gebruik om dringend te onderhandel om 'n ooreenkoms te sluit wat tot voordeel van beide partye sal wees.

"'n Ander opsie sou 'n vrystelling vir seisoenale vars produkte wees. Seisoenale vars produkte is nie soos 'n produk wat regdeur die jaar deur 'n fabriek geproduseer word nie. Die Suid-Afrikaanse sitruskwekers bedreig nie Amerikaanse sitruskwekers of Amerikaanse werksgeleenthede nie. Trouens, ons produkte handhaaf belangstelling en vraag na sitrus wanneer plaaslike Amerikaanse sitrus buite seisoen is, wat uiteindelik Amerikaanse produsente bevoordeel wanneer ons verbruikers aan die einde van ons seisoen oorhandig," het Gerrit van der Merwe, voorsitter van die SKV in Citrusdal verduidelik.

Slegs sitrus uit die Wes- en Noord-Kaap word na die VSA uitgevoer. Hele landelike ekonomieë, soos dié van Citrusdal, word deur die Amerikaanse uitvoersitrusmark onderhou. 'n Tarief van 30% sou verwoesting in hierdie gemeenskappe saai. Vir die meeste produsente is dit nie so eenvoudig soos om een uitvoermark met 'n ander te vervang nie. Tog het sommige produsente van die Wes- en Noord-Kaap geen ander keuse as om te probeer om verskeping na ander lande te verhoog, eerder as om ernstig verminderde opbrengste uit die VSA te ervaar nie. "So 'n afleiding sal bydra tot sitrusvolumes in daardie ander markte en 'n ooraanbod veroorsaak, wat die opbrengste vir alle Suid-Afrikaanse sitrusprodusente aansienlik kan verminder," het Van der Merwe gesê.

In sy toespraak het Steenhuisen ook die landbousektor se vermoë om tot werkskepping in Suid-Afrika by te dra, uitgelig. Die sitrusbedryf is 'n goeie voorbeeld hiervan. As gevolg van geproekteerde sitrusproduksiegroei, kan 'n geraamde 100 000 werksgeleenthede teen 2032 ge-

skep word. Hierdie doelwit sal egter onmoontlik wees om te verwesenlik as alle huidige markte nie behou en uitgebrei word nie. In die lig van die omvang van die geproekteerde groei, behoort die versekering van gunstige toegang tot die Amerikaanse mark 'n prioriteit te wees en so ook die verbetering van toegang tot lande soos China, Japan, Indië, Suid-Korea en Saoedi-Arabië.

"Dit is betekenisvol dat die doelwitte wat die minister uiteengesit het, die uitbreiding van marktoegang insluit," het doktor Boitshoko Ntshabele, uitvoerende hoof van die SKV, gesê. Ntshabele het ook beklemtoon dat die grootste enkele mark vir Suid-Afrikaanse sitrus, die Europese Unie, onregverdig beperk word as gevolg van onnodige en onwetenskaplike plantgesondheidsmaatreëls wat deur die EU op Suid-Afrikaanse sitrus ingestel word. Suid-Afrika se eerste handelsgeskil gevalle by die Wêreldhandelsorganisasie fokus op hierdie maatreëls, en 'n gunstige oplossing vir die sake kan geweldige groei in die sitrusbedryf stimuleer.

Die SKV is verbind tot die streng toepassing van plantgesondheids- en biosekuriteitsmaatreëls waar dit wetenskaplik geregverdig is en in belang van werklike biosekuriteit is.

"Ons waardeer ook die fokus wat minister Steenhuisen op biosekuriteit geplaas het. Ons het gesien hoe sitrusiektes verwoesting saai in Brasilië en die Amerikaanse staat Florida, om maar net twee voorbeelde te noem. Suid-Afrika moet waaksaam bly. Soos die minister gesê het, is biosekuriteit nie net 'n veeartsenykundige kwessie nie, dit is 'n nasionale prioriteit," het Ntshabele gesê.

Die minister se aankondiging van die Biosekuriteitsraad en die Nasionale Biosekuriteitssooreenkoms is welkome ontwikkelings. Vennootskappe tussen die bedryf en die regering oor biosekuriteit is noodsaaklik.

Minister Steenhuisen is korrek in sy bewering dat "Suid-Afrikaanse landbou by 'n kruispad staan." Sonder dringende aandag aan uitgebreide marktoegang en waaksame biosekuriteit sal die sitrusbedryf net soos baie ander landboubedrywe hul vermoë verloor om werk te skep en die Suid-Afrikaanse ekonomie te help groei.



Agter is Louise Nortjé, Alicia Erasmus en Theunette van Heerden. Voor is Joos Engelbrecht, Beulah Douse, Tanja Coetzee en Everton Makakella.

Toerisme organisasies vergader

Berig: Mariaan Smuts

Foto: Verskaf

LAMBERTSBAAI: Lede van die Clanwilliam-, Lambertsbaai- en Cederberg toerismeverenigings het op Donderdag, 10 Julie 'n bemarkingsvergadering met Beulah Douse, streekstoerismebeampte van CapeNature, by hul kantoor op Voëleiland bygewoon.

Voëleiland het sy beste voetjie voorgesit. Moontlike gekombineerde bemarkingstrategieë, pakkette en veldtogte is bespreek. Daar is ooreengekom dat vergaderings soos dié van onskatbare waarde is vir alle betrokke belanghebbendes. Oop kommunikasie tussen CapeNature en plaaslike toerismeorganisasies is noodsaaklik, veral noudat die Cederberg toerisme

vereniging herleef het.

Finansiële beperkings sal altyd teenwoordig wees, maar deur die kantore se pogings te kombineer, kan hulle baie meer bereik. Wense is uitgespreek om oorsese besoekers na die westelike deel van die land te verhoog. Die krag van sosiale media kan effektief gebruik word om die streek te bemark terwyl die organisasies bewus is van die bewaring van die streek en die Cederberg.

Lede waardeer die besoek van Douse en haar kollega, Everton Makakella en hoop om hulle binnekort weer in die streek te verwelkom.

KENNISGEWING: PUBLIEKE DEELNAME GELEENTHEID

Die Petroleum Oil and Gas Corporation of South Africa (Edms) Bpk (hierna na verwys as PetroSA) hou eksplorasieregte oor buitelandse eksplorasieblok 2C (~180 km wes van Port Nolloth) en blok 3A/4A (kus langs die kus tussen Saldanha en Strandfontein), aan die westkus van Suid-Afrika. Regulasie 34 van die Omgewingsimpakbepalings regulasies (GNR982) (OIS-regulasies) wat kragtens die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (Wet 107 van 1998 - NEMA) afgekondig is, vereis dat PetroSA verseker dat die nakoming van die Omgewingsmagtiging (EA) en goedgekeurde Omgewingsbestuursprogram (EMPr) onafhanklik geoudit word. Environmental Impact Management Services (Edms) Bpk (EIMS), het die Regulasie 34-nakomingsoudit voltooi en aanbevelings gemaak om die EMPr te wysig om die geïdentifiseerde tekortkominge reg te stel.

Hierdie kennisgewing stel alle potensiële Belanghebbende en Geaffekteerde Partye (B&GP's) in kennis dat die aanbevelings van die Omgewingsouditverslag en die gewysigde EMPr beskikbaar is vir openbare hersiening en kommentaar, ingevolge Regulasie 34(5) van die EIA-regulasies. Jy kan toegang tot hierdie dokumente kry soos volg:

* Gedrukte kopie by die volgende plekke:

- A.J Bekeur Biblioteek (Robson Straat, Port Nolloth, Richtersveld)
- Kamiesburg Plaaslike Munisipaliteit (Wag Way Straat, Hondeklip Bay)
- Lamberts Bay Openbare Biblioteek (Church Straat, Lamberts Bay)
- Elands Bay Openbare Biblioteek (Main Road, Elands Bay)
- St Helena Bay Biblioteek (2 Albertros Straat, St Helena Bay)
- Vredenburg Openbare Biblioteek (2 Academy Street (naby West Coast College), Vredenburg)

* 'n Elektroniese kopie kan van die EIMS-webwerf afgelaai word:

- <https://www.eims.co.za/public-participation/>, of skandeer die QR-kode hieronder.

Navrae met betrekking tot hierdie kennisgewing, of kommentaar oor die dokumentasie kan gerig word aan EIMS by die besonderhede hieronder verskaf. Die kommentaar wat as gevolg van die openbare deelnameproses ontvang word, sal saam met die ouditverslag en die gewysigde EMPr aan die Departement van Minerale en Petroleumbronne (DMPR - die Bevoegde Owerheid) voorgelê word vir oorweging en goedkeuring.

Alle potensiële B&GP's word ook versoek om teen die gespesifiseerde sperdatum by EIMS te registreer. Binne 7 dae na die indiening van die omgewingsouditverslag aan die Bevoegde Owerheid, sal EIMS alle geregistreerde B&GP's in kennis stel en die verslag beskikbaar stel.

Kontakpersoon: Alex Msipa

EIMS-verwysingsnommer: 1688-1 (Block 2C), 1688-2 (Block 3A/4A)

Posadres: P.O. Box 2083; Pinegowrie; 2123

Telefoon: (011) 789 7170/ Faks: (086) 571 9047

E-pos: block2c@eims.co.za; block3a4a@eims.co.za

Sluitingsdatum vir kommentaar en registrasies: 01 September 2025.

Sluit asseblief die gespesifiseerde projekverwysingsnommer by alle korrespondensie in. Verdere inligting sal beskikbaar wees by www.eims.co.za/public-participation/.

Neem asseblief kennis dat in die geval dat jy weens databeperkings nie toegang tot die webwerf kan kry nie, kontak asseblief EIMS vir alternatiewe reëlins.



BLOOMING DAISIES
presents
2025 WILDFLOWER CHALLENGE

HAVE SOME FUN
this wildflower season

Enter the very first annual Blooming Daisies
wildflower challenge
July to September 2025

All you have to do is identify as many blooming wildflower
species on a list provided and you could qualify for a special
designed pin and certificate - the minimum requirement is 50
species.
You can do it!

For more information and to enter send an e-mail to
bloomingdaisieschallenge@gmail.com

Entry fees:
R250 for 1 person
R400 for a group of 2 people
R600 for a group of 3 or 4 people
A portion of your entry fee will go towards conserving our local indigenous flora.

Entries are now open (till 15 September 2025)

Blooming Daisies veldblomuitdaging

Met 'n goeie blomjaar op hande skop die jaarlikse Blooming Daisies veldblomuitdaging vir die eerste keer af. Die kompetisie duur van Julie tot September. Jy verbreed jou kennis en geniet die blomme.

Daag jouself uit om te kwalifiseer vir 'n brons pin en sertifikaat deur net 50 plante/blomme te identifiseer. Of mik vir die hoër silwer- of goue pin en uiteindelik kwalifiseer jy vir die diamant pin. Elke pin het sy unieke blom-embleem. As jy 'n foto met jou selfoon kan neem, kan jy inskryf. Stuur 'n e-pos aan bloomingdaisieschallenge@gmail.com om in te skryf. Inskrywings sluit op 15 September. Jy sal 'n lys met instruksies ontvang om te volg. Jy kan tot einde September foto's inskryf. Sien inskrywingsfooie op die advertensie.

Hierdie is 'n bewaringsaksie en 'n gedeelte van die inkomste gaan dié jaar na die Ramskop Natuurtuin. Soos die spreekwoord lui: Die vroeë voëltjie vang die wurm. Opskud, waarvoor wag jy!!

INDEKS

Geklassifiseerd * Betrekkings * Bedankings * Kennisgewings

1. GELUKWENSING
2. STERFGEVALLE
3. IN MEMORIAM
4. BEDANKINGS
5. LENINGS
6. DIENSTE
7. DAGSORG
8. EETGOED
9. BETREKKING
10. VERLORE / VERMIS
11. ALGEMEEN
12. BOTE / DIUK-TOERUSTING
13. LEWENDEHAWE
14. TROETELDIERE
15. GESOEK / BENODIG
16. MEUBELS
17. MUSIEK-INSTRUMENTE
18. RADIO / TV / VIDEO
19. TUINBOUDIENSTE
20. JUWELIERSWARE
21. BESIGHEIDS-GELEENTHEID
22. SPORTTOERUSTING
23. VAKANSIE
24. AKKOMMODASIE
25. REKENAARS
26. KANTOOR-TOERUSTING
27. BOUMATERIAAL
28. BOUWERK / VERF
29. VERVOER
30. AKKOMMODASIE
31. TE HUUR
32. SEKURITEIT / WAPENS
33. FIETSE
34. MASJINERIE/IMPLEMENTE
35. ONDERDELE / ENJINS
36. MOTORHERSTELWERK
37. SLEEPWAENS
38. MOTORFIETSE
39. WOONWAENS
40. VOERTUIG
41. EIENDOM
42. BETREKKINGS
43. BLINDINGS
44. ELEKTRIESE-WARE
45. GRASSNYERS
46. TE KOOP
47. TE RUIL



PASELLA ADS
IS GRATIS
Geen handelaars
mag hier adverteer.
Slegs 10 woorde per
advertensie word toegelaat.

TE KOOP: Nikon kamera met 2
lense, uitstekende toestand @
R19 900, 082 736 8281.

Lees
Ons Kontrei
aanlyn by
www.onskontrei.co.za
Wil jy graag
weet wat gebeur
in die omgewing?
Besoek dan gerus
ons aanlyn-
kalender by
www.onskontrei.co.za

Vir die druk
en ontwerp van
boeke kontak
ons gerus.
PROTEA
DRUKKERY
Sentraalstraat 8,
Vredendal
Tel: 027 213 2074
of stuur u
inligting na
info.onskontrei1.co.za

ODD
JOBS
TEL. & FAKS:
027 213 2968
Sel: 082 690 0984
Ons doen:
♦ Bouwerk - Steen & pleister
♦ Afdakke - hout & staal
♦ Bou van heininge
(Vibracrete & Staal)
♦ Algemene loodgieter werk
♦ Teël van vloere & mure
♦ Installeer en herstel van
plafonne, dakke en kosyne
♦ Herstel en lê van plaveisel

KENNIS-
GEWING
Vir plasing van
kennisgewings,
tenders, veilings,
betrekkings,
gelukwensings,
bedankings
of enige ander
advertensie.
E-pos u
inligting na
of skakel
027 213 2074
info.onskontrei1@gmail.com

KOPIEREG
Geen berig, foto, artikel of
advertensie wat in die
ONS KONTREI verskyn
het mag sonder verlof van
die Redakteur gerepro-
duseer word nie, ingevolge
Artikel 12 (7) van die
Wet op Outeursreg van
1978.
ONS KONTREI se red-
aksie deel nie nood-
wendig die menings van
lesers, adverteerders of
korrpondente nie.
U mag deur Protea
Kommunikasie Sentraalstraat
8, Vredendal 8160,
Tel: 027 213 2074
Faks (027) 213 2075
Uitgewer:
Riaan Oberholzer,
Postbus 140
Vredendal, 8160
Tel (027) 213 2074
Faks (027) 213 2075

Vroue verkry waardevolle ervaring in die hernubare energiesektor

Berig en foto:
Verskaf

LOERIESFONTEIN: Twee jong vroue van Loeriesfontein, Marshe Strauss (23) en Kezia Souw (26), het waardevolle praktiese ervaring opgedoen op as deel van 'n span kabeltegnici wat aan 'n groot-skaalse kabelvervangingsveldtog gewerk het. Hierdie geleentheid het hulle kans gegee om hul praktiese vaardighede te ontwikkel in turbine bedrywig-hede en om belangrike stappe te neem in die bou van hul loopbane in die hernubare energieveld.

Hul reis het in 2022 begin toe hulle gekies is om deel te neem aan die Global Wind Organisation (GWO) opleidingsprogram, befonds deur die Loeriesfontein- en Khobab-windkragaanlegte. Hierdie opleiding het die grondslag vir hul loopbane gelê en hulle toegerus met noodsaaklike veiligheids- en tegniese vaardighede wat in hierdie veld benodig word.

"Hierdie soort ondersteuning wys hoe plaaslike vaardigheidsontwikkeling 'n langtermyn impak kan skep. Deur te belê in tegniese opleiding vir jong mense in ons gemeenskappe, skep ons toegang tot betekenisvolle loopbaangeleenthede

en bevorder ons sterker geslagsverteenwoordiging in STEM en die hernubare energie ruimte," het Vanessa Fredericks, Ekonomiese Ontwikkelingsbestuurder vir Loeriesfontein en Khoba-windkrag aanlegte, gesê.

Marshe en Kezia, wat nou as Junior Hystegnici in diens is, is getaak met hys-bedrywig-hede as deel van 'n Siemens Gamesa Renewable Energy (SGRE)-geleide veldtog wat ontwerp is om die veiligheid en doeltreffendheid van turbine bedrywig-hede by die Noupootwindkrag-aanleg in die Noord-Kaap te verbeter.

"Ons werk elke dag op hoogtes en ver-seker dat gereedskap en kabels veilig in die torings gelig word. Dis intense werk, maar ook baie belonend," het hulle verduidelik.

Marshe en Kezia se boodskap aan jong vroue wat loopbane in STEM oorweeg, is: "Hou aan leer en nuwe uitdagings aanpak, en weet dat wat 'n man kan doen, kan 'n vrou ook doen."

Met die oog op die toekoms is beide Marshe en Kezia vasbeslote om in die wind energiesektor te groei. "Ons wil ons tegniese- en leierskapsvaardighede bou, met mentors skakel en voortgaan om ons loopbane te bou."



Kezia Souw en Marshe Strauss.

Inwoners spring in om self paaie te herstel

Berig en foto:
Verskaf

CEDERBERG: Die Cederberge het die laaste paar weke weer tallose mense in die noordelike- en die suidelike dele geïnspireer om te gee, te help om hulself te help. Ons kan baie trots voel op Cederberg se mense en diene wat probeer help. 'n Groot dankie ook aan

CapeNature en die Ceder Guardians wat ook 'n groot rol speel.

Die Langklowers, in die noordelike ge-deelte van die berg, het besluit genoeg is genoeg, en nou maak hulle self die pad reg. Dis toe presies wat hulle gedoen het! Die inwoners van Martiensrust het ook besluit om hulle eie pad reg te maak.

In die suidelike deel van die Cederberge, in Driehoek se omgewing, was daar nie sprake van vakansie hou nie en Dawie Burger van Sustainable Ceder moes bontstaan om almal wat wou help met verskeie projekte in die berg te akkommodeer. Die man sal 'n vakansie moet vat na hierdie vakansie, maar dit lyk nie of die inwoners wat hulp aanbied gaan minder word nie. Almal wil help om die sederbome te red!

Benewens die plantery, het daar nog goeie dinge gebeur. Sustainable Ceder en 'n paar ander instansies het ná verlede jaar se brand in die Cederberge geld ingesamel om die sendingstasies in die area te help om hul waterpype te ver-vang. Die pype en nog ander benodig-hede is verlede week by Heuningvlei, Witwater en Kleinvlei afgelewer.

Foto bo: Inwoners is nie lui vir werk nie.
Foto onder: Waterpype gereed om na die sendingstasies vervoer te word.



MATZIKAMA MUNICIPALITY

VACANCY

Chief Clerk: Motor Vehicle Registration Authority (MVRA)

Closing date: 8 August 2025

The full advertisement and application form is available on the Municipality's website at www.matzikamamunicipality.co.za

LJ PHILLIPS
MUNICIPAL MANAGER

Reference: V9/2025

MUNICIPAL OFFICES
KERK STREET 37,
VREDENDAL 8160
TEL: 027 201 3300

154303 www.ayendambanga.co.za

SUPER
SMALLS
Beskikbaar
teen
R900 + BTW
vir 4
plasings.
Spesiale
aanbod op
12 plasings.

Atlete pak steeds winterkoue aan Rose trap klei op Vredendal-Noord

Berig: Elna Esterhuysen
Foto's: Verskaf

VREDENDAL: Die winterkoue kry dit reg om die meeste mense se aktiwiteitsvlakke bietjie te beperk sover dit oefening betref, maar Namaqua-atlete laat die tekies steeds klap, ysige koue, sleepmis of reën ten spyt. Die Calitze maak seker hulle enjinkamers bly vuur deur elke naweek iewers aan 'n wedloop, sommige naweke somer twee, in verskillende formate en omgewings deel te neem. Wedloopuitslae: Theuniskraal Trail Run 15km: Danie Calitz 02:28:09, Sharon Calitz 02:28:02; Knysna Forest Half Marathon 21,1km: Danie Calitz 02:36:36, Sharon Calitz 02:21:13; Knysna Houtkapper Trail 15km: Danie Calitz 02:35:45, Sharon Calitz 02:35:46; Delheim Trailfun 10 km: Danie Calitz 01:31:46, Sharon Calitz 01:32:01; Cape Town Festival of Running 21,1km: Sharon Calitz 02:14:24, Aninda Maass 02:32:12, Jenny Visser 02:57:02. Een van die klub se junior atlete, Anro Afrikaner, neem deel aan die landloopreeks en voltooi die Kuilsrivier-been by die Jan Krielskool oor 6 km in 00:24:42. Die gewilde PPC Riebeeck Bergmara-

thon, wat al 37 jaar plaasvind en altyd gedurende middel-Augustus plaasvind, moes ongelukkig vir 2025 en 2026 gekanselleer word. PPC is tans besig met omvattende opgraderings op die terrein en het om veiligheidsredes die wedlope afgestel. Soos hulle dit stel: "We look forward to reuniting stronger, renewed, and ready to make an even greater impact at the next starting line." Dit gee selfs die agterbankers dus genoeg tyd om op te staan en solank te begin oefen! Ander groot wedlope wat wel nog in die mandjie is vir 2025: OUTsurance Gun Run (21,1km), Sanlam Cape Town Marathon (42,2km) en die Sportsmans Warehouse Marathon (42,2km, 21,1km). Ongelukkig is die inskrywingsperk vir eersgenoemde twee wedlope reeds bereik, maar dit lyk asof daar nog 'n opening of twee is vir die Winelands wat op 29 November plaasvind. Op eie haard bied Run West die Euphorbia10km (Strandfontein tot Fryers Cove) en die Olifants 21km (Papendorp tot Fryers Cove) aan op Saterdag, 27 September - 'n lekker lente-losmakertjie aan ons eie mooi kus. Inskrywings kan aanlyn gedoen word.

VREDENDAL-NOORD: Die eerste wedstryd van Saterdag, 19 Julie was tussen die twee C-rugbyspanne van die onderskeie klubs, Invincibles en Young Roslyns gespeel waar die tuisspan as wenner uit die stryd getree het met 'n eindtelling van 47 - 10. Die B-span wedstryd was 'n eentonige stryd wat met 'n telling van 59 - 0 beëindig is. Die A-span wedstryd het gesorg vir meer opwindning. Teen rustyd was die telling 42-0 in die guns van die tuisspan. Net na rustyd teken die besoekers hul enigste punte aan toe 'n drie deur die span se woelige haker Lyle Segels gedruk is. Die doelskop is deur Dylan Afrika deur die pale gejaag. Daar was 'n geweldige insinking in die spel van die tuisspan wat toegeskryf kan word aan gretigheid en swak algemene spel. Met goeie basis wat gelê is teen rustyd, was die verwagtinge dat die tuisspan die krane sou oopdraai. Roslyns het egter verskeie aanvalle geloods wat net nie in punte omskep kon word nie.

Die groot uitblikker hier was die nommer 13 wat telekemale die verdedigers van Invincibles in die lug laat gryp het. Hy is voorwaar 'n speler wat voortaan dopgehou moet word deur die opponente. Dit is 'n geval van terug tekenbord toe vir Invincibles se A-span. Die puntemakers vir die wenspan was: Drieë - Werner Syster (2), Mario Meerka (2), Hilton George (1), Denzel Syster (1), Edwin Maarman (1) en Anthony Lucas (1). Doelskoppe - Nathan Burger jaag sewe van die agt skoppe deur die pale. Hierdie keer was Nathan se oog na die pale definitief in. Daar word uitgesien na opwindende rugby deur die spanne vorentoe.



CEDERBERG MUNICIPALITY / MUNISIPALITEIT

NOTICE NUMBER: 169/2025
PROPOSED SUBDIVISION AND REZONING OF ERF 37, GRAAFWATER

Notice is hereby given in accordance with Section 45 of the Cederberg By-law on Municipal Land Use Planning (PG 8062 of 15 March 2019), that an application was received for the Proposed Subdivision and Rezoning in respect of Erf 37, Graafwater. The application is available for viewing from Monday to Thursday between the hours of 08:00 and 15:00 and Friday between the hours of 08:00 and 14:00 at the Technical Services, Town Planning & Building Control Department, 2A Voortrekker Street, Clanwilliam. Any objections and/or comments may be lodged in writing to the Municipal Manager, Private Bag X2, Clanwilliam, 8135 on or before **25 August 2025**, in accordance with Section 50 of the relevant By-Law quoting your name, address or contact details, interest in the application and reasons for comment. Telephonic enquiries may be directed to Mr. A Neethling at 027 482 8000 during the abovementioned days and hours. The Municipality may refuse to accept objections and/or comments received after aforementioned closing date. Any person who cannot write will be assisted by a municipal official by transcribing their comments.

Applicant: CK Rumboll and Partners, Tel no. 022 482 1845,
E-mail planning6@rumboll.co.za or reception@rumboll.co.za

Owner: Cederberg Local Municipality

Property description: Erf 37, Graafwater

Physical address: Van der Stel Street & Erasmus van Zyl Road, Graafwater, 8120

Reference number: GRA/14562/JL/GB

Description of application:

- Subdivision of Erf 37, Graafwater (± 12.5109 Ha), in terms of Section 15 (2) (d) of the Cederberg Municipal Land Use Planning By-Law (PG 8062 of 15 March 2019), into a proposed Portion A (± 2.1 Ha), proposed Portion B (± 6787 m²), proposed Portion C (± 8.3957 Ha), and a proposed Remainder (± 1.3365 Ha).
- Rezoning of the proposed Portion A (± 2.1 Ha), and proposed Portion B (± 6787m²), of Erf 37, Graafwater (± 12.5109 Ha), in terms of Section 15 (2) (a) of the Cederberg Municipal Land Use Planning By-Law (PG 8062 of 15 March 2019), from Undetermined Zone to Authority and Utility Zone.

GF MATTHYSE
MUNICIPAL MANAGER
Municipal Office
2A Voortrekker Street, CLANWILLIAM, 8135

KENNISGEWING: 169/2025

VOORGESTELDE ONDERVERDELING EN HERSONERING VAN ERF 37, GRAAFWATER

Kennis geskied hiermee ooreenkomstig Artikel 45 van die Cederberg Munisipaliteit Verordening op Munisipale Grondgebruiks Beplanning (PK 8062 van 15 Maart 2019) dat 'n aansoek ontvang is vir die Voorgestelde Onderverdeling en Hersonerig ten opsigte van Erf 37, Graafwater. Die aansoek is beskikbaar vir besigtiging vanaf Maandag tot Donderdag tussen die ure van 08:00 en 15:00 en Vrydag tussen die ure van 08:00 en 14:00 by die Tegniesedienste, Stadsbeplanning en Boubeheer Departement, Voortrekkerstraat 2A, Clanwilliam. Enige besware en/of kommentare kan voor of op **25 Augustus 2025** skriftelik by die Munisipale Bestuurder, Privaatsak X2, Clanwilliam, 8135 ingedien word, in ooreenstemming met Artikel 50 van die betrokke Verordening, met vermelding van u naam, adres of kontakbesonderhede, belangstelling in die aansoek en redes vir kommentaar. Telefoniese navrae kan gerig word aan Mnr A Neethling by 027 482 8000 gedurende bogenoemde dae en ure. Die munisipaliteit mag weier om besware en/of kommentare wat na voormelde sluitingsdatum ontvang is te aanvaar. Enige persoon wat nie kan skryf nie, sal deur 'n munisipale amptenaar bygestaan word om hul kommentaar op skrif te stel.

Applikant: CK Rumboll en Vennote, Tel no. 022 482 1845,
E-pos: planning6@rumboll.co.za of reception@rumboll.co.za

Eienaar: Cederberg Plaaslike Munisipaliteit

Eiendomsbeskrywing: Erf 37, Graafwater

Fisiese Adres: Van der Stel Straat & Erasmus van Zyl Pad, Graafwater, 8120

Verwysingsnommer: GRA/14562/JL/GB

Beskrywing van aansoek:

- Onderverdeling van Erf 37, Graafwater (± 12.5109 Ha), ingevolge Artikel 15 (2)(d) van die Cederberg Munisipale Verordening op Grondgebruikbeplanning (PG 8062 van 15 Maart 2019), in 'n voorgestelde Gedeelte A (± 2.1 Ha), voorgestelde Gedeelte B (± 6787 m²), voorgestelde Gedeelte C (± 8.3957 Ha), en 'n voorgestelde Restant (± 1.3365 Ha).
- Hersonering van die voorgestelde Gedeelte A (± 2.1 Ha) en voorgestelde Gedeelte B (± 6787 m²) van Erf 37, Graafwater (± 12.5109 Ha), ingevolge Artikel 15 (2) (a) van die Cederberg Munisipale Verordening op Grondgebruikbeplanning (PG 8062 van 15 Maart 2019), vanaf Onbepaalde Sone na Owerheids en Nut Sone.

GF MATTHYSE
MUNISIPALE BESTUURDER
Munisipale Kantoor
Voortrekker Straat 2A, CLANWILLIAM, 8135



Sharon en Danie Calitz.



Aninda Maass.



Jenny Visser.



Anro Afrikaner.

TELEFOONLYS!!

TELEFOONLYS!!

TELEFOONLYS!!

TELEFOONLYS!!

TELEFOONLYS!!

NEEM KENNIS VREDENDAL BESIGHEDE

Ons is tans besig met die nuwe telefoonlys. Indien u besigheid se telefoonnommer verander het of u 'n nuwe besigheid is, stuur asseblief u nommer na info.onskontrei1@gmail.com

Vredendal parkrun/walk

5km stap of draf
Saterdag
om 8:00
Parc de Lausanne

Registreer by
www.parkrun.co.za/vredendal

Ons Kontrei

Tel: 027 213 2074

Ons mense se koerant

SPORT NUUS

25 JULIE 2025

Adverteer dit werk!

Skakel ons
kantoor vir meer
inligting,
027 213 2074

Eagles wen riller stryd

Berig en foto: Verskaf

VANRHYNSDORP: Vanrhynsdorp Eagles het op Saterdag, 19 Julie tuisbodem vir Young Spurs van Doringbaai gewys "hulle het nie eintlik wat die Eagles het nie". Eagles het spreekwoordelik die sleutels van Jan Opperman stadium teruggeneem met Saterdag se oorwinning, nadat dit vir 'n tyd lank aan Spurs behoort het. Wat 'n herhaling van verlede jaar se ligabepalende wedstryd was, het dit beloop om 'n riller van 'n wedstryd te wees. Dit het beslis aan alle verwagtinge voldoen. Eagles, wat van krag tot krag gegaan het soos die seisoen gevorder het, het nes die Spurs geweet wat die belangrikheid van hierdie wedstryd is met die oog op die Top 12.

Spurs, wat groot hoop vir die res van die seisoen het met die terugkeer van hulle begeesterde kaptein Charl Castleman, het posisionele skuiwe gemaak met Charlton Stevens na heelagter en Grachiël Jonkers op losskakel, om ekstra slaan te verleen. Spurs het van die begin van die wedstryd gewys dat hulle gekom het om met niks minder as 'n wen weg te stap nie. Hulle het vroeg groot druk op Eagles geplaas en met die dodelike skopvoet van Leschwin Stevens, vroeg punte op die telbord gehad. Eagles het net nodig gehad om waar te neem wat Spurs se plan was. Hulle het duidelik gewys dat slegs een stel reëls sal geld op sy tuisveld. Eagles, wat spog met een van die beste pak voorspelers in Boland het met sy groot skrumkrag, het Spurs onderdruk gehad en baie voorvoet bal be-

werkstellig wat tot 'n drie geleëi het deur kaptein, Bertus Baard. Goeie oorheersing by die afbreekpunte, dominerende spel deur sterk baldraers naamlik Simon Ndlovu, Bertus Baard en Dian Steenkamp het groot veld gewen. Spurs het ook nie op hulle laat wag nie en met Castleman aan spits moes Eagles bontstaan na 'n goeie krag-drie deur hom.

Met die halftydtekening op 20-17 in die guns van Eagles en die wedstryd op 'n mespunt gebalanseer, het 'n 2de helfte beloop om iets te wees wat vir lank onthou sal word. Met die aanvang van die tweede helfte het die twee agterlyne mekaar behoorlik getoets. Dit was duidelik 'n taktiek van albei afrigters. Grachiël Jonkers, Jason Arendse en Charlton Stevens moet vermelding kry, aangesien hulle die Eagles heeldag aan die raai gehad het. Die gevaarlike agterlyn van Eagles, met JP Nortje, Dalian Fredericks, Llewellyn Hahn en Keano de Klerk en later Handre van Zyl, het met aanvallende spel en begeesterde verdediging die botoon gevoer en in die regte areas van die veld goeie rugby opgedis en seker gemaak punte word met reëlmaat aangeteken.

Met die telling 33-29, wat later die eindtelling sou wees, en met Llewellyn Hahn in die koelkas na 'n geelkaart, moes Eagles keer om hulle "bragging rights" te behou. Iets wat hulle suksesvol kon doen. Eagles is gekroon as die wenner van die dag, sleutels van Jan Opperman terug waar dit hoort, en Eagles wat definitief meer het as Spurs.



Lutzville Gholflklub se spelers.

Lutzville stap weg met Bakleibeker

Berig en foto: Verskaf

LUTZVILLE/VREDENDAL: Die jaarlikse Bakleibeker tussen Vredendal en Lutzville Gholflklubs het op 18 en 19 Julie plaasgevind. Met Vredendal as die wenner van 2024 skop die wedstryd Vrydag by Vredendal Gholflklub af met 'n Betterball Matchplay formaat. Vredendal wen vyf wedstryde teen drie, wat die puntetelling op 20 teen 12 bring.

Saterdag is die enkelspelwedstryde by

Lutzville Gholflklub aangebied. Lutzville kon die punte gelykop maak met slegs die laaste groep spelers wat nog op die baan was. Met beide spelers van Lutzville wat die twee wedstryde beklank, wen Lutzville dus die Bakleibeker vir 2025.

Beide klubs bedank alle spelers wat in goeie gees deelgeneem het, asook die baanwerkers wat gesorg het dat spelers op goed versorgde bane kon speel.



Vanrhynsdorp Eagles bedank hul borge vir die nuwe t-hemde en baadjies.

Duiwe vlieg vanaf Strydenburg

Berig: Verskaf

CEDERBERG/MATZIKAMA: Die span atlete van die lug is op Saterdag, 19 Julie om 7:45 in goeie weersomstandighede vanaf Strydenburg losgelaat. Dit was 'n baie vinnige wedvlug en die voorste vlieërs het reeds vanaf 12:30 hulle verskyning begin maak. Groot pryse was hierdie week op die spel en die uitslae is as volg: Pieter Buys van die Vredendal klub wen nog 'n Federasievlug met Baard hokke van Lutzville klub kort op sy hakke met breekdele van 'n sekonde.

Die Jaarlikse R100 Ring Wedvlug was ook deel van die vlug en is gewen deur M+D Loft van Vredendal gevolg deur Bertram Lukas van Lutzville. Lambrechts van Lutzville en die Strauss hokke van Vredendal het die weeklikse pryse

ingepalm. Valentine hokke wen die Rooi-duif Jaaroud trofee en Anton Brand van die Clanwilliam klub wen die trofee vir die 1ste ope "ou" rooi-duif wat geklok is. Die groot oomblik van die seisoen is natuurlik die jaarlikse Veilingduifwedvlug wat vir die groot pryse gesorg het. Die Maskam Federasie bied jaarliks aan enige persoon die geleentheid om deel te neem aan 'n veiling waarvan die jong duifies deur lede geskenk en dan opgeveil word. Kopers en skenkers staan dan die kans om groot kontantpryse te wen. Vanjaar se wenner is Bertram Lukas in 1ste plek gevolg deur J & S Agenbach, beide van die Lutzville klub.

Indien enige persoon meer sou wou uitvind oor die sport, kan Jaco Durant gekontak word by 082 8804 555.

Jaarlikse Clanwilliam Superspar Netbaltoernooi

Berig: Mariaan Smuts

CLANWILLIAM: Die 48ste Clanwilliam Superspar Netbaltoernooi vind vanjaar op Vrydag, 25 en Saterdag, 26 Julie plaas op die Kosie van der Merwe netbalbane by Augsburg Landbouginasium.

Spanne van heinde en verre, van so ver as Kathu, het ingeskryf om aan dié gewilde sportgeleentheid deel te neem. Vanjaar het 'n rekordgetal van 61 spanne ingeskryf, wat in 9 afdelings sake sal uitspook. Sowat 650 spelers en beamp-tes sal betrokke wees by 134 wedstryde wat oor twee dae op vier verskillende bane gespeel word.

Die toernooi skop Vrydag om 12:00 af en duur tot 21:00 die aand.

Tydens die toernooi sal daar ook 'n reëlbespreking aangebied word vir skeids-

regters wat hul kennis wil opknip en op hoogte wil bly van die jongste spelreëls. Een-en-veertig skeidsregters sal die wedstryde oor die twee dae hanteer, waarvan verskeie ook die geleentheid sal hê om in aanmerking te kom vir Provinsiale Netbal-graderings.

Op Saterdagoggend, 26 Julie, begin die aksie weer vroeg, met die eerste wedstryde wat stiptelik om 08:30 afskop. Die dag se program duur tot 18:00, waarna die prysuitdeling direk op die hoofbane sal plaasvind.

Die Clanwilliam Superspar Netbaltoernooi bly 'n hoogtepunt op die plaaslike sportkalender en getuig van uitstekende organisasie, sportmangees en die passie vir netbal wat die streek met trots uitdra.



Stuur sportklub nuus
na
edit.onskontrei1@gmail.com